# Justin se 'normaal' in 'n abnormale wêreld



**Maretha Swanepoel**

Justin van Tonder groet my vriendelik toe ek by die Koffieboom se hek instap. Hy neem my na 'n tafel, gee die spyskaart aan en vra of ek al iets wil drink. Na ons gesprek verdwyn hy, soos enige ander kelner, kombuis toe om koffie te gaan maak. Op die spyskaart is 'n logo wat lees 'We support adults with autism'.

Intussen kom sy tannie, Natalie Loots by my sit en ek vra haar oor die logo. "Justin is outisties en ons wil help om ander mense wat outisties is, 'n kans in die werksomgewing te gee."

Met hierdie woorde gaan daar liggies aan en ek onthou ek het Justin en sy ouma, Cathy Loots, in 2015 besoek vir 'n storie. Daardie tyd was Justin 11 jaar oud, en toe was die tekens van outisme nie baie sigbaar nie. Hy het my vriendelik gegroet en 'n drukkie gegee, iets wat nie alle outistiese mense doen nie.

Justin is op drie jarige ouderdom gediagnoseer en daarna het sy familie ingespring en hom die nodige stimulasie gebied. Sy broer en suster hanteer hom asof hy nie outisme het nie.

Natalie sê hy was in Four Seasons in die skool nadat hulle gesukkel het om vir hom plek te kry. In 2021 het hy gr. 7 voltooi, maar met Covid-19 kon hy nie aangaan nie. Verlede jaar het hy tuisgebly waar hy heelwat aanlynkursusse voltooi het, met die hoop dat hy werk sal kry.

In Oktober het sy familie besluit om Die Koffieboom oop te maak en sedertdien werk Justin elke dag as kelner.

"Ons wil hom ten volle oplei as barista en Ben Schempers van The Grind help ons baie. Ek sal graag vir Justin Kaap toe wil stuur sodat hy 'n beter kwalifikasies kan kry. Hy en Ben is in die proses om die melkkuns te beoefen sodar hy 'n sertifikaat kan kry."

Intussen bring Justin die bestelling en maak vriendelik oogkontak. Die koffie het hy self voorberei, soos hy as barista geleer is.

Behalwe om mense te bedien en tafels skoon te maak, sorg Justin ook dat die koffiemasjien skoon en die yskaste vol bly.

"Ons wil graag aan ander jongmense met outisme die geleentheid bied om te werk en hulleself as baristas te bekwaam. Daar is baie mense in die stad wat kan werk, maar nie die nodige kommunikasievaardighede het nie. Ons het vir hulle plek by Die Koffieboom," sluit Natalie af.

Op pad uit groet Justin, en nooi my om weer daar te gaan kuier.



Leslie-Ann Oosthuizen konsentreer op haar poging.



Ilana Pollard maak die versiering gelyk.

# Vroue leer hoe om inloop-koekies te maak

**Maretha Swanepoel**

Die jaar het met 'n spoed afgeskop vir lede van die VLU Pietersburg-Noord tak toe hulle tydens hulle Februarie-vergadering geleer het hoe om inloop-koekies te maak.

Inloopkoekies is daardie mooi versierde koekies wat tot soveel as R30 elk in die winkel kos. Die vroue het egter gou besef waarom dié koekies so duur is, aangesien die werk wat daarin gesit word, baie is.

Die opdrag was die vroue moet suikerkuns beoefen wat beteken die versiering op die koekie moet kunstig wees.

Elke vrou het die nodige versiering, eierwit gemeng met versiersuiker en 'n bietjie suurlemoensap, gehad en dan die koekie wat versier moes word.

Gedurende die vergadering het die vroue geleer hoe om die basis glad te maak en dan, wanneer dit droog is, te versier met verskillende teksture.

"Reën en vog speel 'n groot rol in hoe die koekie gaan uitkom," sê aanbieder Ria Lourens.

Die koekies is een van die items vir die kompetisies waaraan VLU-lede jaarliks deelneem.

City of Polokwane
NATURALLY PROGRESSIVE

www.polokwane.gov.za

## PUBLIC NOTICE

Date issued: 23 February 2023

## MUNICIPALITY'S DEBT RELIEF OFFER FOR CUSTOMERS

Polokwane Municipality is in the process of offering debt relief to municipal clients, who struggle to meet their monthly payment arrangements or commitments. The process commenced on the 28th November 2022, as per Council Resolution (CR/51/10/22) that was tabled during the meeting held on 28th October 2022.

The purpose of the incentive scheme is to reduce the burden on customers due to economic hardships. The municipality will, as a result, vet customers to assess their affordability and provide debt relief, where applicable, in the form of discounted payment of municipal debt. The percentage of discount will be determined by an affordability assessment criterion.

Qualifying customers need to complete the debtor's incentive application form obtainable from the municipality website (**www.polokwane.gov.za**); and must submit the completed document to the municipality.

Customers can contact the municipality at 015 290 2679/2680/2681/2684 or send an email to **incentive@polokwane.gov.za**, for any query related to the Incentive program.

Reaga Polokwane

The ultimate in innovation and sustainable development

Blouberg Municipality

P.O. Box 1593
SENWABARWANA 0790
Tel: 015 505 7100, Fax: 015 505 0296
Email: Info@blouberg.gov.za
www.blouberg.gov.za
Facebook: www.facebook.com/bloubergmunicipality/BloubergLocalMunucipality
Twitter: www.twitter.com/bloubergmunicip

## PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF THE GENERAL VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) of the Local Government: Municipal Property Rates Act (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the "Act", that the General valuation roll for the financial years 2023 to 2028 is open for public inspection at the offices of the Blouberg Local Municipality from 02 February 2023 to 31 March 2023, Civic Centre 2nd Building, Mogwadi/ Senwabarwana Roadas, Senwabarwana, as well as on the municipal website www.blouberg.gov.za.

An invitation is hereby made in terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act that property owner of rateable property, or other person who so desires, are invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter recorded or omitted in the General valuation roll as contemplated in the Act. Any objections must be lodged within the said period above.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such. The form prescribed for the lodging of any objection is obtainable at the address indicated below or the municipal website www.blouberg.gov.za.

The Municipal Manager will assist any person/s who cannot read or write to lodge an objection as contemplated in the Act.

The prescribed forms for lodging of an objections are obtainable at the following municipal offices: Civic centre, Alldays Satellite Office, Eldorado Satellite Office, langlaagte Satellite Office, Inveraan Satellite Office, Harriswish Satellite Office and Tolwe Satellite Office.

The completed forms must be returned to The Municipal Manager at any of the above mentioned offices, on the email provided below or the postal address mentioned below.

For enquiries during the office hours contact:
Karabo Mabotja: 015 505 7100

Mr. R Ramothwala
Municipal Manager

**Tel: 015 505 7100**
**Email address: info@blouberg.gov.za**
**POSTAL ADDRESS:**
**P.O. Box 1593, Senwabarwana, 0790**

Powered by CamScanner